Januarie 2016

Nuusbrief 12

Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane

'n Hartlike welkom terug by ons koshuise – in besonder aan ons nuwe ouers, die Gr 8's en hul ouers asook aan die gr 9's in Huis McFarlane. Ons vertrou dat u 'n trotse en gelukkige verbintenis sal hê.

LEERDERSAKE

Nuwelinge:

Die Gr 8's het 'n suksesvolle verwelkomingskamp met algemene groepsaktiwiteite agter die rug. Hulle is sommer vining besig om hul voete te vind in hul nuwe omgewing. Dankie aan die Gr 12's vir die verantwoordelike wyse waarop hul die verrigtinge hanteer het.

BELANGRIKE DATUMS

3 Febuarie 2016
Opedag

18 Febuarie 2016
HKV Ouerbraai

26 – 28 Febuarie 2016
Uitnaweek

3 Maart 2016
HMF Ouerbraai

4 Maart 2016
Inbly-aand vir alle koshuisleerders

18 Maart 2016
Skool sluit

DISSIPLINE

Sosiale Media:

Onverantwoordelike gebruik van sosiale media kan ons skool en koshuise baie skade berokken. Leerders moet bedag wees daarop dat hulle te alle tye hul eie beeld sowel as dié van die skool en koshuise moet beskerm. 'n Beroep word op u gedoen om dit asb. weer onder u kind se aandag te bring. Dankie vir u samewerking in dié verband.

FINANSIES

Ons kan u met trots meedeel dat alle afdelings van die koshuise binne hul begroting gebly het in 2015. Dit kan slegs vermag word met almal se samewerking op alle terreine.

HUISHOUDING

HUIS KALAHARI VISSER:

Daar is vier rekenaars tot die beskikking van leerders. Die leerders vind baat hierby veral met die voltooiing van take. Twee van die rekenaars is onherstelbaar. Indien iemand dalk 'n ongebruikte rekenaar beskikbaar het en bereid is om dit te skenk, kan u vir Serma Pretorius skakel by 021-872 4066.

PERSONEEL

Mnr Schalk de Wet het weer by ons aangesluit en ons wens hom sterkte toe as seunssuperintendent van Huis McFarlane. Mev Carina Momsen is die nuwe dogterssuperintendent van Huis McFarlane.

Mev Chrissie Kemp word ook terugverwelkom. Sy sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir kontrakte en koshuisverhurings.

INFRASTRUKTUUR

Alle waterpype in Huis McFarlane is die afgelope vakansie skoongemaak. Dit het tot gevolg gehad dat daar 'n wesenlike verbetering in die watervloei is.

HUIS McFARLANE:

PROJEKTE AFGEHANDEL TYDENS DESEMBER-VAKANSIE:

- Nuwe tafeldoeke is vir die eetsaal gemaak wat 'n vars voorkoms aan die vertrek gee
- Op elke vloer is 'n mikrogolfoond en urn voorsien
- Urns is ook in die eetsaal aangebring. Daar sal dus voortaan 4 koffiestasies wees
- Nuwe vuilgoeddrommetjies is in kamers geplaas

PROJEKTE IN VOORUITSIG VIR 2016:

- Installering van kameras aan die buitekant van die koshuis
- Aankoop van nuwe matrasse
- Fase 2 van nuwe gordyne
- Opgradering van die enkelbadkamers aan die dogterskant
- Verf van die vooraansig van die koshuis
- Beveiliging van die brandtrap

HUIS KALAHARI VISSER:

- Tydens die afgelope vakansie is instandhouding gedoen aan die badkamers
- Die planne vir die uitbreiding van kamers aan die dogterskant is goedgekeur en die bouwerk gaan nou op tender uit

PROJEKTE IN VOORUITSIG VIR 2016:

- Aankoop van nuwe matrasse
- Verf van die vooraansig van die koshuis
- Opgradering van die buitegeboue

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

Alle ouers word vriendelik uitgenooi om die onderskeie ouerbraaie by die koshuise by te woon. Die braai by Huis Kalahari Visser vind plaas op 18 Februarie 2016 en by Huis McFarlane op 3 Maart 2016. Hierdie is geleenthede vir almal om gesellig saam te kuier en mekaar beter te leer ken.

Vriendelike groete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF